

DIE BOEK OPENBARING

Hoofstuk 2

Die brief aan die gemeente te Efese: Openbaring 2:1-7

Agtergrond

Efese was 'n baie groot en ou handelstad.

- Destyds het dit in 'n inham in die Egeïese See gelê.
- Dit was nie-amptelik die hoofstad van die ou Romeinse provinsie Asië.
- Dit was die middelpunt van die verkeer tussen Oos en Wes.
- Efese het 'n eie volksvergadering gehad.

Maar as julle nog iets anders verlang, dit sal in die wettige vergadering beslis word.
(Handelinge 19:39 AFR1953)

- Daar was ook 'n groot afgodstempel vir die godin Diana.

Nou is daar nie alleen gevaar dat hierdie vak van ons in veragting kom nie, maar ook dat die tempel van die groot godin Diana as niks gereken word, en dat haar majesteit wat die hele Asië, ja, die wêreld, vereer, ook tot niet sal gaan. (Handelinge 19:27 AFR1953)

Die eerste gemeente is ook in Efese gestig.

- Die eerste keer wat Paulus daar in Efese aangekom het van Korinte af, was saam met Akwila en Priscilla.
- Destyds het hy maar kort daar gewerk

En hy het in Éfese aangekom en hulle daar laat bly, maar self in die sinagoge gegaan en met die Jode gespreek. (Handelinge 18:19 AFR1953)

- Daarna het Akwila en Priscilla saam met Apollos daar gewerk.

En 'n sekere Jood met die naam van Apollos, wat in Alexandrië gebore was, 'n welsprekende man, het in Éfese aangekom; en hy was magtig in die Skrifte. (Handelinge 18:24 AFR1953)

- Tydens Paulus se derde sendingreis het hy twee tot drie jaar daar gewerk.

En hy het in die sinagoge ingegaan en vrymoediglik drie maande lank met hulle geredeneer en hulle probeer oortuig van die dinge wat die koninkryk van God aangaan. (Handelinge 19:8 AFR1953)

En dit het twee jaar lank geduur, sodat al die inwoners van Asië die woord van die Here Jesus gehoor het, Jode sowel as Grieke.
(Handelinge 19:10 AFR1953)

Daarom moet julle waak en onthou dat ek drie jaar lank nag en dag nie opgehou het om elkeen met trane te vermaan nie.
(Handelinge 20:31 AFR1953)

- Paulus het daar wonderwerke gedoen. Dit het goeie gevolge gehad.

En God het buitengewone kragte deur die hande van Paulus gedoen, sodat selfs wanneer doeke of voorskote wat aan sy lyf was, op die siekes gelê is, die siektes van hulle gewyk en die bose geeste van hulle uitgegaan het. (Handelinge 19:11-12 AFR1953)

- Later het hy van Milete af die ouderlinge van Efese daarheen laat kom. Hy het hulle gewaarsku dat daar verleiers en dwaalleraars gaan kom.

En van Miléte het hy gestuur na Éfese en die ouderlinge van die gemeente laat roep.
(Handelinge 20:17 AFR1953)

- Later het Timoteus ook daar gewerk

Soos ek jou versoek het toe ek na Macedónië op reis was, moet jy in Éfese wag om sekere persone te beveel dat hulle geen ander leer moet leer nie,
(1 Timoteus 1:3 AFR1953)

Vers 1

Skryf aan die engel van die gemeente in Éfese: Dít sê Hy wat die sewe sterre in sy regterhand hou, wat wandel tussen die sewe goue kandelaars:
(Openbaring 2:1 AFR1953)

In vers 1 bevestig Jesus dat Hy die kerk ken omdat Hy tussen die kandelare wandel. Die Here Jesus gaan in elke kerk rond, en Hy weet wat gaan in elke kerk aan.

In die eerste plek gaan die brief aan die hele gemeente van Efese (Hoofstuk 1:20). Nogtans word die dominee uitgesonder, want

- hy is die leier (leidsman) van die gemeente;
- hy is dus ook verantwoordelik vir die doen en late van die gemeente; en
- hy is verteenwoordigend van die gemeente.

Dit beteken egter nie dat die briewe uitsluitlik aan die dominee gerig is nie – hy en sy gemeente is een.

Dít sê Hy wat die sewe sterre in sy regterhand hou, wat wandel tussen die sewe goue kandelaars

Die manier waarop die Here Homself hier benoem, openbaar dat sowel die dominee as die kerk wat hy bedien ten volle van die Here Jesus afhanklik is.

- Al hulle doen en denke moet op die evangelie rus wat Hy leer – dus sy Woord en wil.
- Die dominee en die kerk deel in die verlossing wat Hy bewerk het.
- Maar al twee moet aan sy Woord en wil gehoorsaam wees.

Hierdie selfbekendstelling van die Here Jesus gaan terug na die voorafgaande openbaring van die Here aan Johannes:

Toe draai ek my om, om te sien watter stem met my gespreek het; en toe ek my omgedraai het, sien ek sewe goue kandelaars, en tussen die sewe kandelaars Een soos die Seun van die mens met 'n kleed aan wat tot op die voete hang, en gegord om die bors met 'n goue gordel.
(Openbaring 1:12-13 AFR1953)

en

En in sy regterhand het Hy sewe sterre gehou, en 'n skerp tweesnydende swaard het uit sy mond uitgegaan, en sy aangesig was soos die son wat skyn in sy krag. (Openbaring 1:16 AFR1953)

Die afleidings wat uit hierdie twee gedeeltes gemaak kan word, is die volgende:

- Die dominee moet die gemeente voorgaan in ware aanbidding – anders gaan die Here sy hand oopmaak dat daardie betrokke ster uit sy hand moet uitval.
- As die gemeente (kerk) nie met die Here saamleef nie, gaan die Here sy kandelaar wegvat. Daardie gemeente gaan dus verlore.
- Die Here kyk wat doen elke kerk en sy dominee – Hy loop tussen die kandelare rond.

Hierdie rondloop/wandel/ondersoek van die Here Jesus sluit die volgende dinge in:

In hierdie ondersoek na die dinge in Efese se kerk is daar seker gemaak of die kerk van Efese nog die kenmerke van die ware kerk dra.

- Die eerste kenmerk was dat hulle leersuiwerheid in hulle prediking moes handhaaf.

- Eenvoudig gestel beteken dit dat hulle die Bybel moet verkondig volgens die wil en die eise van die Here.
- 'n Ware kerk sorg dat die evangelieverkondiging wat in die gemeente plaasvind suiwer is.
 - Met ander woorde die ware kerk laat nie toe dat die evangelie aan hom verkondig word soos 'n mens dit verstaan nie.
 - Nee, daardie gemeente luister met ore van uitverkorenes – met die ore van mense wat aan God behoort en wat deur die Heilige Gees gelei word om te onderskei tussen menslike vindings en die ware wil van God.
- Die tweede eienskap is die suiwer bediening van die sakramente.
 - Met ander woorde die kerk moet die Doop en die Nagmaal bedien soos wat dit deur God ingestel is.
 - Die ware kerk moet ook werklik glo wat die Woord van God ons leer deur die sakramente.
 - Die ware kerk mag nie by die sakramente aanlas of daarvan iets wegneem nie.
 - Die sakramente moet in vorm, inhoud en waarde gehandhaaf word presies soos wat die Bybel hulle leer.
- Die derde eienskap is die suiwer handhawing van die tug.

In die Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 29 bely ons die volgende:

Die kenmerke van die ware en die valse kerk

Ons glo dat ons sorgvuldig en met groot oplettendheid uit die Woord van God behoort te onderskei watter kerk die ware kerk is, aangesien al die sektes wat daar vandag in die wêreld is, hulle ten onregte die naam kerk toe-eien. . .

Die kenmerke waaraan ons die ware kerk kan uitken, is die volgende:

- *Wanneer die kerk die evangelie suiwer preek,*
- *die sakramente suiwer bedien soos Christus dit ingestel het en*
- *die kerklike tug gebruik om die sondes te straf –*
- *kortom, wanneer almal hulle ooreenkomstig die suiwere Woord van God gedra, alles wat daarmee in stryd is, verwerp en Jesus Christus as die enigste Hoof erken.*

Hieraan kan ons met sekerheid die ware kerk uitken en niemand het die reg om hom daarvan af te skei nie.

Vervolgens, aangaande die lidmate van die kerk:

- *Ons kan hulle uitken aan die kenmerke van die Christene, naamlik hulle geloof dat hulle die enigste Verlosser Jesus Christus aangeneem het en*
- *dat hulle daarna die sonde ontvlug, die geregtigheid najaag,*
- *die ware God en hulle naaste liefhet, nie na regs of links afwyk nie en hulle sondige natuur met sy werke kruisig.*

Natuurlik het die inhoud van die brief aan Efese ook betrekking op valse kerke! Ons sal moet weet wanneer 'n kerk en sy dominee (dalk onself?!) wegraak van die Here se waarheid af. Daarom bely ons die volgende oor valse kerke:

Wat die valse kerk betref:

- *Dit skryf aan homself en sy besluit meer mag en gesag toe as aan die Woord van God;*
- *dit wil homself nie aan die juk van Christus onderwerp nie;*
- *dit bedien die sakramente nie soos Christus dit in sy Woord beveel het nie, maar neem weg en voeg by na eie goeddunke;*
- *dit vertrou meer op mense as op Christus en dit vervolg hulle wat volgens die Woord van God heilig lewe en wat die valse kerk oor sy euwels, gierigheid en afgodery bestraf.*

Hierdie twee kerke (die ware en die valse kerke) kan maklik uitgeken en van mekaar onderskei word.

Vers 2

Ek ken jou werke en jou arbeid en jou lydsaamheid, en dat jy slegte mense nie kan verdra nie; en dat jy dié op die proef gestel het wat sê dat hulle apostels is en dit nie is nie, en hulle leuenaars bevind het; (Openbaring 2:2 AFR1953)

Die Here weet wat elke kerk doen!

Ek ken jou werke en jou arbeid en jou lydsaamheid

Dink aan die ou Israeliete se woorde:

Waarom sê jy dan, o Jakob, en spreek jy, o Israel: My weg is vir die HERE verborge, en my reg gaan by my God verby? (Jesaja 40:27 AFR1953)

Die gemeente van Efese het baie moeilikheid gehad met sektes en met die heidene.

- Dit kon ook nie eintlik anders nie, want die grootste tempel vir 'n afgod het in hulle stad gestaan – die tempel van Diana – waarheen duisende mense uit die destydse wêreld gegaan het om te aanbid.
- Dit verklaar waarom die kerk van Efese so hard moes stry om suiwer kerk te bly.
 - Hulle was deur God in so 'n situasie geplaas dat hulle die geleentheid gehad het om te getuig en te stry teen valshede van buite.
 - Die Here Jesus getuig nou dat Hy ag gee op hulle doen en late. Hierdie voortreflikhede het Hy raakgesien.

Teen hierdie agtergrond moet u die brief aan die gemeente van Efese lees.

Die eerste deel van die verslag is 'n ware ligpunt:

- Ten opsigte van die verkondiging van die Woord kry die gemeente 'n mooi verslag.
- In vers 2 skryf die Here dat Hy weet dat hulle die leer suiwer handhaaf.
 - Hy weet dat daar mense opgedaag het wat vir die gemeente vertel het dat hulle apostels was, en dit toe nie was nie.
 - Die Here Jesus getuig dat die gemeente van Efese sulke manne eers ondersoek het, en hulle op die proef gestel het, en as hulle vals was, het die kerk elke keer hulle dwaalleer blootgelê.

Wanneer die kerk van Efese die dwaalleraars ontmasker het, het hulle hulle uit die gemeente weggejaag.

Vers 3

en dat jy verdra het en lydsaamheid besit, en ter wille van my Naam gearbei en nie moeg geword het nie. (Openbaring 2:3 AFR1953)

Verder getuig die Here dat hulle hard werk in die gemeente van Efese:

dat jy verdra het en lydsaamheid besit, en ter wille van my Naam gearbei en nie moeg geword het nie.

- Die Here weet hoeveel moeite hulle gehad het om hulle geloof suiwer te hou.
- Hy weet ook dat dit altyd met smaad van buite gepaard gaan, en met innerlike hartseer (en selfverwyty) wanneer ons tekortskiet in ons stryd.

Dit verdien lof dat hulle ter wille van die Naam van Christus nie moeg geword het nie maar aangehou het met stryd.

- Die uitspraak veronderstel dat die gemeente baie druk op hulle gehad het. Hulle sou ongetwyfeld baie smaad ook moes verduur, want die aanhangers van die valse dominees sou baie beslis nie net sommer aanvaar het dat die manne wat die dinge voordra waarvan hulle hou, verwerp moet word nie.
- Dis ondenkbaar dat daar nie elke keer nadat sulke manne aan die kaak gestel was, eers weer oplaapwerk (patch work) in die gemeente gedoen moes word nie.

Die lof van die Here is dat die gemeente tog oorwinnend deur hierdie proses van toetsing en verwerping van die dwaalpredikante gegaan het.

Vers 4

Maar Ek het teen jou dat jy jou eerste liefde verlaat het. (Openbaring 2:4 AFR1953)

Dan breek alles meteens af. Ons begin die skadukant van God se beoordeling van die gemeente te Efese hoor.

- Hulle het hulle **eerste liefde verlaat**.
- Hulle het God verlaat.
- Die gemeente se **eerste liefde** was mos dat hulle ter wille van die Here se eer nie die kwaad kon verdra nie.

By al die deugde het die Here dus tog ook die verkoeling in hulle liefde waargeneem.

- Die gemeente se eerste liefde was die Here.
- Hulle het die waarheid liefgehad en kon die kwaad nie verdra nie.

Nou het hier iets verkeerd ingesluip.

- Die verandering was nie in hulle gedrag nie.
- Die verandering was binne-in hulle! Hulle liefde vir die Here het afgekoel.

Vers 5

Onthou dan waarvandaan jy uitgeval het, en bekeer jou en doen die eerste werke. Anders kom Ek gou na jou toe en sal jou kandelaar van sy plek verwyder as jy jou nie bekeer nie. (Openbaring 2:5 AFR1953)

'n Mens kan so ywer vir die Here dat jy later perspektief verloor –

- dan kan dit gebeur dat jy in jou ywer die pad verloor, en
- op die ou end in jou ywer jousef, of jou eie saak dien.
- Dit het gebeur in die gemeente van die Efesiërs.

Hierdie eienskap vra dat die ware kerk elke mens wat dwaalleer verkondig, of dwaalleer uitleef, moet vermaan om hom te bekeer. As sulke mense volhard, en hulle aan God en sy vermanende liefde nie steur nie, moet hulle met die ban uit die kerk uitgesny word.

Daarop word die gemeente opgeroep om totaal te verander – anders gaan die Here hulle vernietig!

Onthou dan waarvandaan jy uitgeval het

- Hulle moet terugkyk in hulle geskiedenis.
- Hulle moet onthou en gaan kyk hoe en wat hulle was voordat hulle deur die Here Jesus verlos is! (Hulle was heidene wat in allerhande rowwe sondes rondgelewe het!)

Die Here is baie ernstig met hulle omdat hulle Hom verlaat het.

- Hy sê hulle moet hulle gou bekeer, anders kom Hy na hulle toe en Hy sal hulle kandelaar uit sy plek verwyder.
- Met ander woorde, as hulle nie terugkeer na die Here toe nie, sal Hy hulle laat ophou bestaan.
- Die gemeente het hulle nie bekeer nie, en presies dit het toe gebeur.
 - God dreig nie net nie.
 - Hy hou woord.

Anders kom Ek gou na jou toe en sal jou kandelaar van sy plek verwyder as jy jou nie bekeer nie

- Dit beteken dat die Here hulle gaan straf met algehele verval as hulle hulle nie bekeer nie!
- Die Woord van die Here sal nie meer daar gehoor of gekry word nie.
- Hulle sal al hulle geestelike voorregte wat hulle tans geniet, verloor.
- Dus: Hulle sal alles wat hulle in die Here Jesus ontvang het, verbeur!

Daarom het God die gemeente van Efese vernietig.

- Die pragtige en groot gemeente wat daar in Efese was, het al lankal verdwyn.
- Die Turke het die stad ingeval en dit verwoes totdat daar niks van oorgebly het nie.
- Saam met die stad het die Christengemeente ook verdwyn.

Vers 6

Maar dit het jy, dat jy die werke van die Nikolaïete haat, wat Ek ook haat.

(Openbaring 2:6 AFR1953)

Die Here het nog 'n woord van lof vir die gemeente – daar is nog 'n goeie ding by hulle.

Hierdie gemeente het die tug ook streng gehandhaaf:

Maar dit het jy, dat jy die werke van die Nikolaïete haat, wat Ek ook haat.

- Die Nikolaïete was volgelinge van Nikolaus wat in Handeling 6:5 verkies is.
- Hierdie mense was dié wat hulleself in hulle tyd as die beter mense beskou het.
- Die Nikolaïete het gedink dat hulle 'n wyer uitsig op die lewe het as wat die ander verkrampde mense het.

Die gevolg van hulle lewensbeskouing was dat die Nikolaïete hand aan hand met die wêreld begin lewe het.

- Hulle was die mense wat afgesien het van die nougesetheid van die gebruike in die kerk.
- Daarom het hulle vasgehou aan die leer van Bileam wat deur Balak geleer is.

Ons lees mos in die Ou Testament dat Balak vir Bileam laat haal het om die Israëliete te vervloek.

- Maar teen sy sin het Bileam elke keer die Israëliete geseën.
- Omdat hy toe presies die teenoorgestelde gedoen het as waarvoor Balak hom laat haal het, het Balak geweier om Bileam te betaal vir sy dienste.

Om wraak te neem op God, het Bileam toe later weer na Balak toe teruggegaan, en aan hom vertel dat hy nie die volk Israel teen die wil van God in kon vervloek nie.

- Hy het egter vir Balak ander raad gegee: Balak moet sy volk se jongmeisies stuur om die Israëlitiese mans te verlei.
- Dit sal die Here kwaad maak, want die Here het sy volk verbied om met ander volke te meng.
- Verder het hy gesê dat Balak die Israëliete na die afgodsoffers toe moes verlei, want dit sou finaal die toorn van die Here opwek, en dan sou die Here hulle straf.

Maar Ek het enkele dinge teen jou: dat jy daar mense het wat vashou aan die leer van Bileam wat Balak geleer het om 'n struikelblok voor die kinders van Israel te werp, naamlik om afgodsoffers te eet en te hoereer.

(Openbaring 2:14 AFR1953)

Vergelyk ook:

So het jy ook mense wat vashou aan die leer van die Nikolaïete, wat Ek haat.

(Openbaring 2:15 AFR1953)

Maar Ek het enkele dinge teen jou; dat jy die vrou Isébel, wat haarself 'n profetes noem, toelaat om te leer en my diensknegte te verlei om te hoereer en afgodsoffers te eet. En Ek het haar tyd gegee om haar van haar hoerery te bekeer, en sy het haar nie bekeer nie. Kyk, Ek werp haar neer op 'n siekbed, en die wat met haar owerspel bedryf, in 'n groot verdrukking, as hulle hul nie van hul werke bekeer nie. En haar kinders sal Ek sekerlik doodmaak, en al die gemeentes sal weet dat dit Ek is wat niere en harte deursoek, en Ek sal aan elkeen van julle gee volgens sy werke. En ek sê vir julle en die ander wat in Thiatíre is, almal wat hierdie leer nie het nie, en die wat die dieptes van die Satan, soos hulle dit noem, nie leer ken het nie: Ek sal op julle geen ander las lê nie. (Openbaring 2:20-24 AFR1953)

Hierdie selfde leer is nou deur die Nikolaïete geleer.

- Die Christene kan maar saam met die heidene afgodsoffers eet, en kon ook maar saam met hulle hoereer.
- Dit was na hulle mening heeltemal te eng om by die strengheid van die kerk te bly in sake soos hierdie.

Die gemeente van Efese het 'n baie swaar stryd gehad met hierdie Nikolaïete, want hulle het profetesse gehad wat hulle dit ten doel moes stel om die Christene te verlei.

- Daarom lees ons van die besondere lof wat die Here vir hierdie gemeente het omdat hulle die werke van die Nikolaïete gehaat het, wat die Here ook gehaat het.

Kyk net wat het gebeur:

- Die kerk van Efese het met sy streng tug en sy suiwer leer en al van God vervreem.
- Hoe moeilik dit ook al mag wees om hierdie twee sake bymekaar te bring, dit het in die gemeente van Efese gebeur.
- In hulle vurige ywer vir God, het die kerk so begin ywer dat hulle by God verbygegaan het.

Wat was dan die probleem met die gemeente van Efese?

Dit naamlik dat hulle kon Nee! sê.

- Hulle kon sterk standpunt inneem teen die wêreld.
- Hulle het beslis geweier om aan die wêreldse dinge deel te neem – hulle het die werke van die Nikolaïete gehaat.
- In ons tyd sou ons die Nikolaïete die mense met die dubbele standaard genoem het – diegene onder ons wat deelneem aan aksies waar Christene nie behoort gesien te word nie.

Maar hulle het vir al die dinge “nee” gesê en daarteen vasgeskop ter wille van die standpunt, en nie omdat hulle vir die Here lief is nie!

Dis presies wat die Efesiërs oorgekom het.

- Hulle het God se saak gestel en verdedig – maar heeltemal los van God af.
- Dit het oor die saak gegaan, en nie oor die Here nie.

Vers 7

Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die boom van die lewe wat binne in die paradys van God is. (Openbaring 2:7 AFR1953)

Luister na die stem van God die Heilige Gees! God die Heilige Gees praat met die kerke!

Hierdie uitspraak is nie net 'n wens wat uitgespreek word nie. Dis 'n opdrag en 'n plig aan elke kerk!

- Oorwinning oor sonde gaan saam met luister en onderwerping aan die Heilige Gees.
- Hy is tot hulp vir die kerk (en elke gelowige).
- Elke kerk moet daarom luister dat die Gees haar leer
 - om God met die verstand te ken –
 - maar ook dat die Gees haar leer om die warmte van God se nabyheid te beleef.
- Glo met hart en verstand – glo in God met jou hele lewe.

Die gevaar is daar dat 'n kerk so koud en beredeneerd kan raak met feite dat hulle die Here verloor.

- Die Efesiërs het in die slagvat geval.
- Hulle het naderhand vir dwaalleer **nee** gesê sonder dat dit 'n saak van die hart was.

Hulle het hulle eerste liefde verlaat omdat hulle koud en verstandelik beredeneerd geraak het oor sake wat uit die hart moes kom.

- Hulle het hulle kerk verdedig, en hulle het geweet wat is reg, sonder dat dit vir hulle 'n saak van belewenis was.
- Godsdienste het 'n suiwer verstandsaak geword.

Dink aan die volgende uitspraak van die Here Jesus:

En Hy antwoord en sê vir hulle: Tereg het Jesaja oor julle, geveinsdes, geprofeteer soos geskrywe is: Hierdie volk eer My met die lippe, maar hulle hart is ver van My af. (Markus 7:6 AFR1953)

Dit verwys terug na Jesaja se uitspraak in Jesaja 29:

En die Here het gesê: Omdat hierdie volk nader kom met hulle mond en My eer met hulle lippe, terwyl hulle hul hart ver van My hou, sodat hulle vrees vir My 'n aangeleerde mensegebod is, (Jesaja 29:13 AFR1953)

Vrae:

- *Het ons gemeente nie dalk al baie soos die gemeente van Efese geword nie?*
- *Op watter manier doen ons afstand van die sonde, en draai ons ons rug op die verkeerde?*
- *Is dit omdat ons ten diepste gedryf word deur die Heilige Gees, en omdat hierdie afsku vir die kwaad in ons hart gewortel is.*
- *Of is dit maar net koue beredeneerdheid?*

Dit kan dus gebeur dat 'n kerk vir die Here se saak ywer sonder dat hulle God dien.

Die brief aan die gemeente te Smirna Openbaring 2:8-11

Inleiding

Wat weet ons van Smirna?

- Smirna was in die heel vroeë tyd 'n Ioniese nedersetting gewees.
- Later is die dorpie deur 'n koning van Lidië verwoes.
- 'n Hele tyd daarna is die dorpie weer herbou, maar nie op dieselfde plek nie.
- Die nuwe dorp is heelwat suid gebou van waar die eerste een was.

- Onder die regering van die Romeinse keisers het die plekkie eintlik eers gegroei en ontwikkel.

Daar was drie stede wat met mekaar gewedwyer het om die mooiste en belangrikste stad in Asië te wees: Pergamus, Efese en Smirna.

- Smirna het hierdie stryd gewen en daar is op hulle geldstelsel die sin aangebring dat Smirna die eerste in grootte en skoonheid is.
- Dit was dus 'n groot en mooi stad – daarby was dit 'n geweldige ryk stad.
- Smirna het 'n baie groot hawe gehad wat baie verkeer gedra het uit die Ooste.
- Dit was 'n handelstad by uitnemendheid, omdat dit sowel see as landverbindings met die handel gehad het.

Kom ons kyk kortliks na die gemeente van Smirna.

- Ons weet nie presies wanneer hierdie gemeente van Smirna ontstaan het nie.
- Dit is moontlik dat die evangelie in Smirna verkondig is in daardie paar jaar toe Paulus in Efese gebly het, want Lukas skryf in Handeling 19:10 dat al die inwoners van die groot provinsie Asië in daardie dae die evangelie gehoor het.
- Smirna word nie daar by die naam genoem nie, maar ons aanvaar dit as 'n moontlikheid dat die stad toe met die Christendom kennis gemaak het.

Ons weet uit buitebybelse geskrifte dat hulle predikant (*episkopos*) in die jaar 155 of 156 op 'n brandstapel dood is.

- Sy naam was Polykarpus.
- Op daardie stadium was hy al 'n baie ou man.
- Miskien was Polykarpus nog steeds die predikant van Smirna toe die Here beveel het dat Johannes hierdie brief vir Smirna moes skryf.
- Verwys vers 10 na hom?

Vrees vir niks wat jy sal ly nie. Kyk, die duiwel gaan sommige van julle in die gevangenis werp, sodat julle op die proef gestel kan word; en julle sal tien dae lank verdrukking hê. Wees getrou tot die dood toe, en Ek sal jou die kroon van die lewe gee. (Openbaring 2:10 AFR1953)

Vers 8

En skryf aan die engel van die gemeente in Smirna: Dít sê die eerste en die laaste, wat dood was en lewend geword het: (Openbaring 2:8 AFR1953)

Weereens stel die Here die dominee sentraal in die wese van die gemeente.

Daarna stel die Here Homself bekend:

Dít sê die eerste en die laaste, wat dood was en lewend geword het

Dit wys terug na hoofstuk 1:17.

En toe ek Hom sien, val ek soos 'n dooie aan sy voete; en Hy het sy regterhand op my gelê en vir my gesê: Moenie vrees nie; Ek is die eerste en die laaste (Openbaring 1:17 AFR1953)

Hierdie verwysing dat die Here Jesus dood was en weer lewend geword het, is vir hierdie gemeente juis as 'n troos bedoel.

- Die vervolging teen hulle (die gemeente) sou geweldige afmetings aanneem.
- Maar hulle moenie vrees nie – die dood en vervolging het nie die laaste sê nie.

Hulle moet net na die Here Jesus kyk:

- Hy was geweldig gemartel en is dood – maar kyk, Hy lewe!
- Hy het nie in die dood gebly nie.
- Hy het uit die dood opgestaan en presies so sal Hy hulle ook uit die dood laat opstaan.

Kan u dink hoe dikwels moes een van die gemeentelede homself afgevra het:

- “Is dit alles die moeite werd?”
- “Is ek nie dalk gek om deur soveel pyn in die lewe te gaan ter wille van die Here Jesus Christus nie?”

Nou kom ons by die saak waaroor dit hier gaan. Is die Here Jesus Christus die moeite werd? Dit is geen geheim dat Christenwees baie ellendes oor ons bewerk nie.

- Daar is baie van ons wat deur die geloof gedwing word om by ons werk nie met sekere dinge te meng nie, terwyl ons weet dat dit ons promosie belemmer.
- Daar is baie ouers wat huil oor hulle kinders se ongehoorsaamheid.
 - Hierdie ouers sou nie gehuil het as hulle ongelowig was nie, want die ongelowiges steur hulle min aan skande of sonde.
 - Daar is gelowige kinders wat skaam is vir hulle ouers omdat hulle ouers hulle skuldig maak aan huweliksontrouheid, rusies en ’n geskinder by ander mense.
 - Hulle skaamte word juis gebore uit hulle liefde vir dit wat by God reg is, en waaraan hulle ouers hulle nie steur nie.
 - Dan kom daarby nog die kwetsende gevoelens wat ons beleef as die mense uit ons familie en vriendekring nie die nodige respek vir God bewys nie.

Teen hierdie agtergrond klink die Here Jesus se woorde in vers 8 waar Hy Homself aan ons bekendstel: Hy is die Eerste en die Laaste.

- Hy het mag oor lewe en dood, want Hy het die dood oorwin.
- Hy het dus ook die krag en mag om ons in ons lewenstryd te laat oorwin.

Vers 9

Ek ken jou werke en verdrukking en armoede maar jy is ryk en die lastering van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar ’n sinagoge van die Satan. (Openbaring 2:9 AFR1953)

Die Here Jesus wat tussen die kandelare (kerke) wandel, weet dat Smirna ’n skatryk dorp is, maar dat die gemeente verdruk word en armoede ly.

Daar was ander gemeentes ook wat arm lidmate gehad het! Dink maar net aan die Korintiërgemeente:

Want let op julle roeping, broeders: julle is nie baie wyse na die vlees nie, nie baie magtiges, nie baie edeles nie; (1 Korintiërs 1:26 AFR1953)

Dwaalredenasies:

- *Soms dink ons dat die Here nie weet watter hartseer ons alles in ons lewe deurmaak nie.*
- *Of dalk kan iemand dink dat Hy dalk weet, maar geen meegevoel met ons oor die saak het nie.*
- *Ons hoor soms selfs uitsprake dat die Here genadeloos is, want dit is dan Hy wat ons ellendes bewerk.*

Feit is:

- Die Here openbaar Homself as ’n lewende Redder, wat meegevoel het met ons pyn.
- Hy openbaar Hom as die Een wat reeds die dood oorwin het, en wat ons ook oor die dood gaan laat oorwin – dit is die betekenis van hierdie brief.
- Die Here weet van al ons smarte, maar Hy bemoedig ons.

1. Hy wil hê ons moet weet en glo dat die smarte 'n grens het wat dit nie kan oorsteek nie,
2. maar ons gaan deur sy verdienste daardie punt verbysteek,
3. en dan gaan ons sonder hartseer en smarte by Hom wees in ewigheid.

Die gemeente self het nie die kenmerke van hulle stad, Smirna, gedra nie.

- Die stad was ryk – maar die Christengelowiges daar was brandarm mense.
- Dink net hoe ondraaglik dit vir die gemeente was om arm te wees in 'n stad waar alles aan geld en vertoon gemeet word.

Nou moet u nie dink dat die gemeentedele voor hulle bekering al arm was nie! Dis juis wat hulle ellendes so erg gemaak het:

- Hulle was almal skatryk mense wat tot bekering gekom het, maar omdat hulle die heidense godsdienste verlaat het, en Christene geword het, het die ander mense hulle geïsoleer.
- Die gevolg was dat hulle besighede bankrot gegaan het, en dat hulle nou in armoede moes lewe.

. . . maar jy is ryk . . .

Wat bedoel die Here hiermee? Hy weet dan – en bevestig dat die gemeente brandarm, verag en verdruk is!

- Die Here meet nie alles aan stoflike waardes nie.
- Dis waar dat hulle fisies arm is – maar dis net ten opsigte van stoflike dinge.

Die Here se diepste maatstaf lê op 'n ander plek: Hy meet geestelik.

- Geestelik was hulle ryk.
- Hulle geestelike besit was die Here Jesus wat hulle Verlosser is.
- Deur die Here Jesus Christus was hulle erfgename van al die Here se genade.

. . . en as ons kinders is, dan ook erfgename, erfgename van God en mede erfgename van Christus, as ons naamlik saam met Hom ly, sodat ons ook saam met Hom verheerlik kan word. (Romeine 8:17 AFR1953)

Hierdie gemeente was dus ryk aan geloof, liefde, ywer vir die Here en moed vir die lewe. Hulle was dus ook ryk aan eer – want hulle kon ly ter wille van die Here Jesus Christus.

Dink aan die volgende uitsprake:

Hulle het toe van die Raad af weggegaan, bly dat hulle waardig geag was om vir sy Naam oneer te ly. (Handelinge 5:41 AFR1953)

. . . omdat dit aan julle ter wille van Christus genadiglik gegee is om nie alleen in Hom te glo nie, maar ook vir Hom te ly, (Filippense 1:29 AFR1953)

Die Here kry by die gemeente van Smirna niks waaroor Hy hulle wil straf nie.

- Hy prys die gemeente,
- en Hy bemoedig die gemeente

. . . die lastering van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar 'n sinagoge van die Satan . . .

Elke kerk is ook soos die gemeente wat in vers 9 beskryf word, omdat elke ware kerk uiteraard kerk van die Here is.

- Omdat ons ook uitverkorenes is, geld die troos van die brief ook vir ons.
- Ons het in die wêreld te doen met minagting van ander mense omdat ons ons beginsels handhaaf.

- Ons het baie keer al te doen met pyn en met die werk van die Satan op baie vlakke – dié dinge is alles tydelik en het geen duursaamheid in hulleself nie.
- Dit moet u onthou: kwaad is nie duursaam nie.
 - Kwaad word altyd deur God ingehaal en uitgewis.
 - Kwaad kan hoogstens in hierdie lewe bestaan – en moontlik opbou tot met die wederkoms.
 - Die oomblik wanneer die Here op die wolke verskyn, stort die kwaad in duie,
 - omdat dit geen weerstand teen God het nie,
 - maar ook omdat dit nie voor God se heiligheid kan bestaan nie.

Dit is die groot troos waarvan die Here praat in hierdie gedeelte.

- Ware kinders van die Here – werklike liefhebbers van God en sy Woord – word deur die Here Jesus bemin en beskerm, sodat hulle by die tweede dood nie die hel in die gesig kyk nie maar in die hemel ingaan deur God se genade.
- Daarom is daar groot rykdom daarin as jy al die verdrukking wat oor jou kom tot eer van God kan hanteer.
- Natuurlik preek dieselfde vers ook oordeel oor die sogenaamde kerkmense wat allerhande kwaad oor die ware gelowiges werk.
- Die Here gebruik geen sagte woorde vir hulle nie. Hy noem hulle die sinagoge van die Satan!

Onthou tog dat sy brief vir kerkmense geskryf word.

- Die Here praat hier van 'n sinagoge – 'n sinagoge is mos die plek waar die Here aanbid word.
- Nou noem die Here die valse gelowiges 'n sinagoge vir die Satan.

Vers 10

Vrees vir niks wat jy sal ly nie. Kyk, die duiwel gaan sommige van julle in die gevangenis werp, sodat julle op die proef gestel kan word; en julle sal tien dae lank verdrukking hê. Wees getrou tot die dood toe, en Ek sal jou die kroon van die lewe gee. (Openbaring 2:10 AFR1953)

Die Here spreek in vers 10 sy genade oor die ware gelowiges uit.

Die vorige vers eindig met 'n beskrywing van mense wat voorgee dat hulle God aanbid, maar met 'n verkeerde lewe medegelowiges leed aandoen (sinagoge van die Satan).

- Dit gaan oor mense wat maak asof hulle die Here aanbid, maar hulle lewe kom nie by ware aanbidding uit nie.
- Dit is net 'n feit dat ongelowiges en valse gelowiges altyd vir die ware gelowiges baie leed en smarte veroorsaak.

Daarom openbaar die Here in vers 10 sy genade oor die ware gelowiges:

Vrees vir niks wat julle sal ly nie . . .

- Kyk net wat gaan hier aan: Die Here gaan nie die dinge wat die lyding veroorsaak verwyder nie.
- Trouens, die Here onderstreep dit dat daar baie lyding oor die gelowiges gaan kom, en
- Hy lê klem op die bewerker van alles: die duiwel.

Kyk die duiwel gaan sommiges van julle in die gevangenis werp, sodat julle op die proef gestel kan word, . . .

Die duiwel is die bewerker van alles wat met lewe en geluk en vrede in kontras staan. Ons moet natuurlik nie die genade in die saak miskyk nie.

- Die Satan kon nog nooit iets duursaams bewerk nie. Hierdie gedeelte preek dit veral sterk.
- Aan die kruis verwoes die Here Jesus die duiwel se werk.

1. Hy vernietig al die ellendes wat die duiwel bewerk – veral die dood en alles wat daarmee saamgaan.
2. Al die duiwel se beplanning is heeltemal nutteloos, want die Here bestuur en beheer dit so dat dit nie die gemeente van Smirna kan bedreig nie.

Die duiwel gaan sekerlik mense gebruik om die gelowiges in die tronk te stop en te martel. Maar die Here stel die saak in perspektief:

- Die bewerker van dit alles is die duiwel.

Ons moet natuurlik nie die genade in die saak miskyk nie.

- Die Here Jesus verwoes die duiwel se werk. Hy vernietig die ellendes wat die duiwel bewerk.
- Die Here Jesus vervang die duiwel se werk met die kroon van die ewige lewe wat Hy aan ons gee.
 - Ons oorleef die tyd van verderf.
 - En dit wat God ons gee, is langer en meer duursaam as die Satan se werke en hulle gevolge.

. . . en julle sal tien dae lank verdrukking hê.

Dit wat God ons in die Here Jesus Christus gee, is langer en meer duursaam as die Satan se werke en hulle gevolge.

- Daar staan ook dat die tydperk van vervolging 10 dae is.
- *Die getal is simbolies, en dui bloot aan dat die Satan heeltemal beperk is – hy is so begrens deur die Here dat hy nie eers self kan besluit hoe lank hy die gelowiges wil verdruk nie.*

Vergelyk hierby die volgende uitsprake in die Bybel:

En mense uit die volke en stamme en tale en nasies sal hulle lyke drie en 'n halwe dag lank sien en nie toelaat dat hulle lyke in die graf gelê word nie. (Openbaring 11:9 AFR1953)

En Ek sal aan my twee getuies gee dat hulle, met sakke bekleed, duisend twee honderd en sestig dae lank sal profeteer. (Openbaring 11:3 AFR1953)

En die vrou het na die woestyn gevlug waar sy 'n plek het wat deur God gereed gemaak is, dat hulle haar daar sou onderhou duisend twee honderd en sestig dae lank. (Openbaring 12:6 AFR1953)

En 'n ander teken het in die hemel verskyn, en daar was 'n groot vuurrooi draak met sewe koppe en tien horings, en op sy koppe sewe krone;
(Openbaring 12:3 AFR1953)

Wees getrou tot die dood toe,

Die vervolging word afgesluit met die kroon van die lewe wat ons van die Here Jesus ontvang.

- Dus: koningskap om met lewe te regeer oor die dood en verderf.
- Wat meer kan 'n mens vra?

Die Here se boodskap aan sy kerk is dat die kerk (= ons) geen lyding moet vrees nie, want alle lyding oor ons is tydelik en begrens.

- Dit breek nie saam met ons deur in die ewigheid in nie.
- Wees getrou tot die dood toe, want met die dood verander ons stryd en hartseer in die lewe van 'n koning wat saam met God leef in volmaaktheid.
- Die Here bevestig die onverstaanbare grootheid van God se genade dat Hy mens geword het om ons vir ewig van die dood af los te maak.

Hierdie hartseer en arm gemeente moet net na die Here toe kyk.

- Hy voer hulle by hulle stryd en lyding verby tot in die ewige lewe in waar Hy is.
- Hy het smarte en die dood omskep in ewige lewe, vreugde en heerlijkheid vir sy kerk.

. . . en Ek sal jou die kroon van die lewe gee.

Die vervolging word afgesluit met die kroon van die lewe wat ons van die Here Jesus ontvang. 'n Kroon word deur 'n koning gedra!

- Ons word dus gekroon as konings van lewe (konings wat onsterfbaar vir ewig saam met God sal lewe!)
- Dus: koningskap om met lewe te regeer oor die dood en verderf.

Die Here Jesus het juis hierdie pad Persoonlik (voor)geloop.

- Hy is deur die dood in die onverganklike lewe in.
- Daar heers Hy as die ewige Koning.
- Hy lei nou almal wat Hom getrou dien, ook om deur die dood in die ewige lewe oor te gaan.

Die kroon wat Hy vir ons gee, straal dus die oorwinning oor die dood en al sy meelopers uit! Die kroon wat Hy ons gee, is die bewys daarvan dat selfs die Satan se woedendste aanvalle nie die genade van die ewige lewe en ons koningskap in/deur die Here Jesus Christus van ons af kon wegneem nie. Wat meer kan 'n mens vra?

Die Christusprediking van hierdie gedeelte is dat die Here self hier leer dat Hy gaan sterf het omdat Hy oor ons bewoë is.

Sy opstanding is om die lewe te verwerf en uit te deel.

Sy wederkoms is om te vervul wat Hy beloof het.

Vers 11

Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Die wat oorwin, sal deur die tweede dood geen skade ly nie. (Openbaring 2:11 AFR1953)

Ons lees in Psalm 89:7 van die dood!

*Gedenk, o HEER, hoe swak ek is: hoe kort van duur,
hoe nietig my bestaan, die dood wink ieder uur.*

Wie leef daar wat die dood nie eenmaal sal aanskou nie?

Geeneen wat teen die mag sy lewe kan behou nie.

*Skenk ons u guns, o HEER, help ons in donker stonde
na u beloftenis, aan Dawids huis verbonde.*

Wat is die eerste dood en die eerste opstanding waarvan die Bybel praat?

- Ons onverstaan oor die dood gaan reguit terug na die sondeval toe. Daar het alles skeefgeloop.
- *Van toe af het ons liggame doodgegaan, soos wat die eerste moord getuig – toe Kain Abel doodgeslaan het.*
- *Dit is die eerste dood.*

Die tweede dood is om vir ewig in die hel te wees.

- Die eerste dood is 'n voorspel van die tweede dood.
- In die tweede dood beland net mense en engele wat hulle teen God verset.

Daarom het ons hierdie diep vrees ontwikkel omdat die dood die straf van die Here oor ons sondes is – en wie vrees nie die oordeel van die Here oor sy sondes nie?

- Dit het begin toe die woorde van die Here geval het dat ons van die sondeval af die doodstraf oor ons sondes het en dat die aarde vervloek is om ons ontwil.
- Van daardie oomblik af het ons nie meer vrye toegang na die Here toe gehad nie.
 1. Ons ongeregthede moet nou eers gestraf word voordat ons vrede met God kan hê.
 2. Daarby is ons ook tot die dood toe siek, want ons totale geestelike ingesteldheid het 'n geweldige knou gekry met die sondeval.
 3. Dit is 'n baie moeilike toestand waarin ons beland het.

Maar die Here het voorsien dat daar iets gebeur dat ons gesond kan word, met ander woorde uit die ewige doodstraf wat op ons gelê is, kan uitkom en weer kan lewe – hierdie keer tot in ewigheid.

Dit is juis dit wat die Gees van God aan ons openbaar! Daarom sê die Here vir ons:

Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê!

- *Dit is ons troos: ons gaan opgewek word uit die dood.* Luister hoe reguit en helder word dit beskryf in Romeine 8:11:

En as die Gees van Hom wat Jesus uit die dode opgewek het, in julle woon, dan sal Hy wat Christus uit die dode opgewek het, ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon. (Romeine 8:11 AFR1953)

- Dit gaan letterlik oor ons liggaamlike opstanding uit die dood:

... ook julle sterflike liggame lewend maak . . .

Hoe werk die dood? Wat gebeur wanneer ek sterf?

- Ons is deur die Here onsterflik geskape.
- Ons dood hier is net die aflegging van ons liggame.
- As ons liggame doodgaan, lewe ons onverpoosd, sonder om een oomblik nie daar te wees nie van hierdie lewe af tot voor die troon van die Here.
- Ons noem dit **die eerste dood**. Alle mense sterwe die eerste dood.

Ook sal hy bang wees vir 'n hoogte, en verskriklike dinge sal op die pad wees! En die amandelboom sal in bloei staan, en die sprinkaan sal homself met moeite voortsleep, en die kapperkruid nutteloos wees; want die mens gaan na sy ewige huis, en die rouklaers sal op die straat rondgaan.

(Prediker 12:5 AFR1953)

Daardie oomblik is dit die finale skeiding tussen die mense – en dan is ons ook by die laaste omdraaipunt van glo of nie glo nie, verby.

- Onmiddellik is ons op daardie oomblik óf in die hemel óf in die hel.
- Hiervoor kyk ons na die gelykenis van die ryk man en Lasarus wat elkeen onmiddellik by hulle finale blyplek aangekom het. Dink ook aan wat die Here vir die rower langs hom aan die kruis gesê het:

En Jesus antwoord hom: Voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die Paradys wees. (Lukas 23:43 AFR1953)

- ***Dit is die eerste opstanding.***

Hierdie toestand duur nie lank nie – dit hou net solank as wat die aardse tyd aangaan.

- Die oomblik wanneer die Here kom, verander alles meteens. Niks is dan meer dieselfde nie.
- Die verandering en alles wat daarmee saamgaan, word aan ons geopenbaar in 1 Tessalonisense 4. ***Dan gebeur die tweede opstanding.***

Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. (1 Tessalonisense 4:16 AFR1953)

Daar gebeur drie dinge:

- Daar word 'n bevel in die hemel gegee:
Wanneer die bevel gegee word en die stem van die aartsengel en die trompet van God weerklink
- Dan **sal die Here self uit die hemel neerdaal**. Die Here verskyn en daal op die aarde neer!
Allereers sal dié wat in Christus gesterf het, uit die dood opstaan;
(1 Tessalonisense 4:16 AFR1983)

Daar is niemand wat hierdie oomblik misloop nie.

- Die Here gaan 'n bevel gee dat alle dooies se liggame uit die grond of waar hulle ook al is, moet opstaan en herskep word.
- Natuurlik word almal nie herskep om by die Here op die nuwe aarde te wees nie. Party gaan reguit hel toe – met hulle liggame en siele wat dan weer verenig is met mekaar.

En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan, en die boeke is geopen; en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke. En die see het die dode gegee wat daarin was, en die dood en die doderyk het die dode gegee wat daarin was; en hulle is geoordeel, elkeen volgens sy werke. (Openbaring 20:12-13 AFR1953)

Wat word van die mense wat dan nog nie doodgegaan het nie?

- Hulle word op dieselfde oomblik deur die Here verander: Hulle word dan net so volmaak en verheerlik soos die gelowiges wie se siele saam met die Here Jesus teruggekom het van die hemel af en met hulle liggame verenig is.
- Ons het gehoor dat die Here vir ons gesê het:

Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees.

(1 Tessalonisense 4:17 AFR1953)

Die dood word gevolg deur die opstanding. Daarvan is die opstanding van die Here Jesus Christus u bewys.

Ons lewe na die dood is so seker deur God gewaarborg dat ons beskou word asof ons nou al reeds in die hiernamaals is.

- Daar staan nie dat ons eers eendag daar sal kom nie.
- Dié feit is so oorweldigend sterk dat die Bybel leer dat ons reeds saam met Christus daar is.

Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank.

(Openbaring 20:6 AFR1953)

Wat is die tweede dood waarvan die Bybel praat – dit wat geen houvas op die ware gelowiges het nie?

Ons lees van hierdie verskriklike gebeurtenis in onder andere die volgende Bybelgedeeltes:

Openbaring 20:14: **En die dood en die doderyk is in die poel van vuur gewerp. Dit is die tweede dood.**

Openbaring 21:8: **Maar wat die vreesagtiges aangaan en die ongelowiges en gruwelikes en moordenaars en hoereerders en towenaars en afgodedienaars en al die leuenaars hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel: dit is die tweede dood.**

U het opgelet dat die Bybel 'n paar keer sê dat die gelowiges eerste opstaan.

- Hulle liggame word op God se bevel eerste opgewek en met hulle siele verenig.
- Hulle gaan die Here dan tegemoet in die lug – hulle word dus deur Hom weggenem van die aarde af.

Dan gaan die opstanding verder:

- Die res van die mense staan ook op op God se bevel.
- Hulle liggame en siele word ook met mekaar verenig.
- *Maar hulle eindbestemming en hoe hulle hanteer word om daar te kom, is heeltemal 'n ander saak.*

Ons lees in Openbaring 14 dat die Here hierdie oordeel opdra aan 'n engel – en hy werk rof met daardie mense.

En 'n ander engel het uitgekóm uit die tempel wat in die hemel is, en hy het ook 'n skerp sekel gehad; en 'n ander engel wat mag oor die vuur gehad het, het uit die altaar uitgekóm en met 'n groot stem geroep na hom wat die skerp sekel het, en gesê: Slaan jou skerp sekel in en saml die trosse van die wingerdstok van die aarde in, want sy duiwe het ryp geword. En die engel het sy sekel oor die aarde laat gaan en die wingerdstok van die aarde afgeoes en dit gegooi in die groot parskuip van die grimmigheid van God. En die parskuip is buitekant die stad getrap, en bloed het uit die parskuip gekóm tot aan die tooms van die perde, twee honderd myl ver.
(Openbaring 14:17-20 AFR1953)

Dit is die groot troos waarvan die Here praat in hierdie gedeelte.

- Ware kinders van die Here; werklike liefhebbers van God en sy Woord, word deur die Here Jesus liefgehe en beskerm, sodat hulle by die tweede dood nie die hel in die gesig kyk nie maar in die hemel ingaan deur God se genade.

Die brief aan die gemeente in Pergamus: Openbaring 2:12-17

Agtergrond

In ons tyd staan die dorp wat in die ou tyd as Pergamus bekend was, onder die naam Bergama.

- Pergamus het 'n hele ent noord van Efese gelê.
- Dit was die woonplek van die ou konings.
- In die tyd van die Roomse oorheersing het die Romeinse owerheid hulle hoofkantoor oor die Klein Asiëse gebied daar gehad.

Soos al die ander dorpe van daardie tyd, was hier ook baie verskillende soorte afgodsdienste bedryf.

- Pergamus was die teologiese sentrum van die afgodedom en van die satansaanbidding.
- In Pergamus was daar afgodstempels vir letterlik elke soort afgod wat daar in daardie tyd was.

Ons ondersoek so 'n paar van die afgode waarvan ons darem tog iets weet.

- Daar was 'n tempel vir **Dionysios Kathegemon**.
4. Hierdie afgod was die leier/voorloper in alle soorte katekwaad wat te doen gehad het met wyn (dronkenskap as gevolg van te veel wyn), brassery (te veel eet en drink!) en sinlike genot.
- Dan was daar was die tempel van **Asklepios Soter** – die god van die geneeskunde.
6. Hy het 'n slang gehad as 'n troeteldier – die mense het hierdie slang aanbid.

7. Sy naam *soter* beteken ook *verlosser*.

8. Kyk na die vervalsing van God se openbaring: die Satan stel selfs 'n verlosser in die plek van Jesus Christus beskikbaar vir iemand vir wie 'n verlosser belangrik is – in hierdie geval 'n verlosser van siekte, sodat jy sommer in die lewe al fisies met sy verlossingswerk kan kennis maak.

- Verder was daar 'n tempel vir **Athena Nicephoras**.
 - Sy was eintlik die beskermgodin van die stad Athene – maar sy is baie wyer as net in Athene aanbid.
 - Sy is ook aanbid as die godin van oorlog en oorwinning.
 - Sy is veral aanbid as die godin van wysheid – die uil was haar simbool wat wysheid voorgestel het
 - *Dit verklaar waarom die uil vandag nog as 'n simbool van wysheid geken word! So diep is die spore van die ou heidendom nog steeds by ons!*
- Die belangrikste heidense godsdiens van daardie tyd was natuurlik **Keiseraanbidding**.
 - Die keiser het homself tot god verklaar en alle Romeinse burgers moes hom aanbid – dit was wet.
 - Die toestand het nog verder versleg vir die gemeente daar in Pergamus toe die Romeinse keiser in die jaar 64 n.C. sy gereghof oorgeskuif het na Pergamus toe, want daarmee saam het hy ook daar die keiseraanbidding ingevoer.

In die tyd toe hierdie brief aan die gemeente daar geskryf is, was hierdie keiseraanbidding in Pergamus op sy hoogtepunt.

- *Dit was byvoorbeeld in daardie tyd wet dat jy eers 'n offer vir die keiser moes bring, en dan kon jy daarna enige ander afgod aanbid.*
- *Die seremonie was ook heeltemal eenvoudig: elke stadsburger moes net 'n paar korrels wierook gaan neem en dit voor die standbeeld van die keiser gaan brand.*
- *Dan kon hy daarvandaan wegstap en sy God of afgod aanbid.*
- *Die wet het vir die Christene ook gegeld.*
- *Dis is nie 'n maklike saak vir 'n Christen om in die openbaar te gaan bely dat God aan die keiser onderwerp is nie.*
- 5. *Geen Christen kan dit doen nie.*
- 6. *Die Christene was teen beelddiens, en wou en kon nie die keiser se beeld aanbid nie.*
- 7. *Daarby was dit boonop mensverheerliking.*
- 8. *Hulle het net nie kans gesien om die keiser te aanbid nie, en daarom is hulle doodgemaak.*

- Daarby het **Zeus** se tempel ook daar gestaan.
 - Die Grieke het hom beskou as die skeppergod.
 - Hy was ook vir die heidene die hoof van alle gode.

In die stad Pergamus het die mense die Christene *gehate teenstanders van die hele menslike geslag* genoem.

- Die Satan het dus in die keiseraanbidding en met al die ander afgode in Pergamus feitlik alle aanbidding vir homself opgeëis.
- Die Here verwyf hierdie stad dat die duivel onder hulle woon.
- Dit het tot gevolg gehad dat daar een van God se uitverkorenes ter wille van sy geloof en sy getuienis doodgemaak is.

Vers 12

En skryf aan die engel van die gemeente in Pergamus: Dít sê Hy wat die skerp tweesnydende swaard het: (Openbaring 2:12 AFR1953)

Die Here wys op die tweesnydendheid wat uit sy mond uitgaan. Dit wys terug na die Here se openbaring in hoofstuk 1:

En in sy regterhand het Hy sewe sterre gehou, en 'n skerp tweesnydende swaard het uit sy mond uitgegaan, en sy aangesig was soos die son wat skyn in sy krag. (Openbaring 1:16 AFR1953)

Die Here se boodskap hiermee is dat Hy met sy oordeel teen die sondaars in Pergamus gaan optree.

- Met sy oordeel gaan Hy hulle bestry en uitroei – as daar nie haastig bekering gaan kom nie.
- Om met die oordeel van die Here te doene te kry, is om jammerlik ten gronde te gaan.

Vers 13

Ek ken jou werke en die plek waar jy woon, waar die troon van die Satan is. En jy hou vas aan my Naam en het die geloof in My nie verloën nie, selfs in die dae waarin Antipas my getroue getuie was, wat gedood is by julle waar die Satan woon. (Openbaring 2:13 AFR1953)

Die Here gee erkenning daaraan dat die gemeente van Pergamus in 'n plek bly waar daar groot gevare vir die gelowiges is.

Ek ken jou werke en die plek waar jy woon, waar die troon van die Satan is.

- Die Here troos die gemeente dus met hierdie woorde – Hy weet van die druk wat die duiwel en al sy vennote op die gelowiges plaas.
- Die Here sal die kerk dus ook nie strenger as wat nodig is, oordeel oor foute wat sy maak nie.

. . . waar die troon van die Satan is . . .

- Pergamus is 'n plek waar die Satan onbelemmerd sy gesag laat skitter!
- Die Satan vestig sy gesag juis met al die spul afgodstempels wat daar in Pergamus is.
- Dit gaan dus oor die totale aanslag van al die afgode saam (almal saam = die eenheid van Satan se werk!).

Maar – ondanks al die harde werk van die Satan, het die gemeente nie toegelaat dat hulle van die Here af weggetrek word nie!

Die Satan het ook nie net met die mense se begeertes en verleidinge gewerk nie. Hy het hulle selfs met die dood gedreig!

Een van Pergamus se lidmate wat vermoor is, is Antipas.

- 'n Onbekende man se naam word genoem.
- Dis een van die mense wie se name in die Bybel staan van wie ons die heel minste weet, want sy naam staan net hierdie een keer neergeskryf.

Wat lei ons uit die Bybel af van die persoon van Antipas?

Hy was 'n Christen van formaat – want die Here sê so.

Hy was 'n man wat die durf gehad het om teen die Satan te staan in die Naam van die Here Jesus Christus:

“Antipas my getroue getuie, wat gedood is by julle waar die Satan woon.”

Ons weet uit buitebybelse geskifte 'n ietsie van die lidmaat Antipas.

- Ons weet byvoorbeeld uit die buitebybelse geskiedenisboeke hoe Antipas doodgemaak is.
- Nadat hy gemartel is, is hy in 'n koperpot gegooi en doodgebraai.
- Dit is waarom die Here sê dat sy getroue getuie doodgemaak is waar die Satan woon.

Dit is nogal snaaks dat die Bybel verder swyg oor hierdie man, want hy is die enigste martelaar vir die Christelike geloof wie se naam deur die Here self genoem word.

- Antipas se naam is 'n preek van hoe elke Christen se lewenshouding moet wees.
- Antipas – die naam beteken *Teen almal en alles (wat verkeerd is)*
 - Hy was teen al die heidene.
 - Hy was teen al die afgodsdienste.
 - Hy was teen die Satan.
 - Hy was teen almal en alles wat verkeerd was.

Hy was ook bereid om vir hierdie beginsels van hom met sy lewe te boet. So lyk 'n getroue getuie van die Here.

Dink net oor die woord *getuie*. Die Griekse woord vir *getuie* is baie dieselfde as ons woord vir *martelaar*. *Die twee woorde hou ook verband met mekaar, want die wet het destyds bepaal dat hulle alle getuies moes martel, want hulle het destyds geglo dat mens net die waarheid praat as hy gemartel word.*

- Ons koppel altyd die woord *getuie* aan iemand wat in die hof moet getuieis lewer oor iets wat hy gesien het, of waarvan hy weet.
 - DTP: iemand wat in die openbaar moet staan vir die waarheid.
- Antipas het net nie in 'n hof getuieis gelewer nie.
 - Die Here het hom geroep om in die daaglikse lewe voor alle mense te getuig wat die Here van hulle verwag.
 - Die Here verwag van ons almal om te getuig.
 - Ons moet soos Antipas getuig dat die Here die sondes nie gaan verdra nie.
 - Ons moet ook die wil van God aan die mense bekendmaak – ons moet altyd getuig watter dinge reg sou wees om vir die Here te doen.

Vraag: Wie van ons sal op dié manier tot die dood toe getuig vir die Here?

Vers 14

Maar Ek het enkele dinge teen jou: dat jy daar mense het wat vashou aan die leer van Bileam wat Balak geleer het om 'n struikelblok voor die kinders van Israel te werp, naamlik om afgodsoffers te eet en te hoereer. (Openbaring 2:14 AFR1953)

Daar is tog 'n skaduwee wat oor die gemeente hang.

- Hulle het vasgestaan teenoor die aanslae wat die Satan van buite af op die gemeente gerig het.
- Maar hulle was toegeeflik en verdraagsaam teenoor die sondaars binne-in die gemeente.

Die aanklag van die Here is dat die gemeente van Pergamus lidmate verdra wat nie lidmate mag wees nie! Hulle is dus slap met die tug!

Wat was die (valse) redenasie wat agter hierdie optrede gelê het?

- Sekere lidmate het geredeneer dat 'n mens baie versigtig moet wees om nie alle bande met die wêreld af te sny nie!
- Hulle het geglo dat 'n mens hom nie van die gemeenskap waar hy bly en werk en leef kan losmaak nie.
- 'n Mens kan tog nie alle bande met jou omgewing verbreek nie!
- Dis onaanvaarbaar om jou van alles en almal te onttrek!

Wat is die beginselfout?

Die verskil tussen kerk en wêreld word nie (absoluut) deur hierdie lidmate getref nie.

Die groep wat verdra is, wou altyd kompromieë aangaan en dinge plooi. Dit het vir hulle twee aardse voordele ingehou:

- Hulle lewens was nie in gevaar nie, want hulle het met die wêreld (sonde) saamgespeel.
- Hulle kon hulle verkeerde plesiere ook geniet.

So is 'n bondgenootskap met die dood gesluit!

. . . mense het wat vashou aan die leer van Bileam wat Balak geleer het om 'n struikelblok voor die kinders van Israel te werp, naamlik om afgodsoffers te eet en te hoereer . . .

Hierdie verwysing van die Here verwys terug na alles wat destyds gebeur het in die tyd van Bileam en Balak – Numeri 22-25.

Numeri 31:16 vat dan eintlik maar die afloop van die hele besigheid saam:

- Balak het sy volk onder die Israeliete ingestuur om hulle na die Moabiete se offerfeeste toe te verlei.
- Die Here was baie kwaad en het dit as troubreuk beskou en hulle gestraf.

Kyk, hulle was, deur die raad van Bileam, vir die kinders van Israel 'n oorsaak van troubreuk teenoor die HERE in die saak van Peor, sodat die plaag in die vergadering van die HERE was. (Numeri 31:16 AFR1953)

Die Here wys daarop dat die soort van godsdienstbeoefening wat in Pergamus aan die gang is, dieselfde (identies) is as wat die Israeliete destyds gedoen het.

Wat is die beginsel?

- As mens die Here dien, breek jy finaal en heeltemal met alles wat verkeerd is.
- Daar is geen kompromie met die sonde moontlik nie.

Vers 15

So het jy ook mense wat vashou aan die leer van die Nikolaïete, wat Ek haat. (Openbaring 2:15 AFR1953)

Die leer dat mens maar nie te eng moet wees nie en ruimte moet gee vir die gebruike van die tyd was voorgestaan deur Nikolaus – die destyds verkose diaken.

- Daarom word dit die leer van die Nikolaïete genoem.
- Dit is dieselfde as die dinge waarvan in vers 14 gepraat word en ook weer in vers 20 behandel word as die gemeente van Tiatire aan die beurt kom.
- Hierdie standpunt met die gepaardgaande sondes was dus wyd gevestig in die kerke van destyds (wat van vandag?).

. . . wat vashou aan die leer. . .

- Die Here praat nie van mense wat berou het oor sonde wat hulle doen nie.
- Hy praat van 'n bepaalde godsdienstsisteem – gevestigde gebruik(e) in die kerk.
- Daarom sê die Here dat hulle daaraan **vashou** – erkenning gee/beoefen.

Vers 16

Bekeer jou; anders kom Ek gou na jou toe en sal teen hulle oorlog voer met die swaard van my mond. (Openbaring 2:16 AFR1953)

- Die Here se bevel is altyd kragtig – ook hier.
- Sy bevel **Bekeer jou** is ook onvoorwaardelik!

In hierdie geval eis die Here van die gemeente dogmatiese en sosiale bekering.

- Hulle moet hulle verdraagsaamheid teenoor die sonde laat vaar!
- Terselfdertyd moet hulle hulle manier van dink hersien en ook van hulle sondige daede afstand doen.

Die alternatief is dat hulle met die Here te doen gaan kry.

- Hy gaan sy oordeel oor hulle voltrek soos wat 'n gewapende soldaat met sy swaard sy vyande doodkap.
- Die gemeente moenie dink dat die Here sekere sondes gaan oorsien omdat hulle op ander terreine goed presteer nie!

Die Here se reël is eenvoudig maar regverdig: Kom tot bekering of sterf!

Dis ook nie 'n nuwe reël wat die Here nou eers aankondig nie. Dit was al die eeue deur sy reël en opdrag:

Maar as die regverdige afwyk van sy geregtigheid en onreg doen en handel volgens al die gruwels wat die goddelose doen — sal hy lewe? Aan al sy geregtighede wat hy gedoen het, sal nie gedink word nie; om sy troubreuk wat hy begaan het, en om sy sonde wat hy gedoen het, om hulle ontwil sal hy sterwe. (Esegiël 18:24 AFR1953)

Die Here word nie 'n rat voor die oë gedraai met mooi dinge hier om die kwaad op 'n ander plek mis te kyk nie!

Vers 17

Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die verborge manna, en Ek sal hom gee 'n wit keursteen, en op dié steen 'n nuwe naam geskrywe wat niemand ken nie, behalwe hy wat dit ontvang. (Openbaring 2:17 AFR1953)

Elkeen wat kan hoor, moet luister na wat die Gees vir die gemeentes sê. Aan elkeen wat die oorwinning behaal, sal Ek van die verborge manna gee, en daarby sal Ek vir hom 'n wit steentjie gee met 'n nuwe naam daarop gegraveer, wat niemand anders ken nie, net hy wat dit kry. (Openbaring 2:17 AFR83)

Al die gemeentes word opgeroep om te luister na wat God die Heilige Gees te sê het.

Aan hom wat oorwin,

- Die oorwinnaar is iemand wat deur moeilike dinge geworstel het en anderkant uitgekom het.
- Die dinge gaan nie ongemerk by die Here verby nie. Hy gee vir die oorwinnaar manna.

Oorwin beteken dat die veldslag verby is – die oorlog is agter die rug. Jy moet dus aanhou totdat jy sterf (doodgaan!).

. . . sal Ek gee om te eet van die verborge manna . . .

Toe sê die HERE vir Moses: Kyk, Ek sal vir julle brood uit die hemel laat reën; dan kan die volk uitgaan en die dagmaat van elke dag insamel, sodat Ek hulle kan beproef, of hulle in my wet sal wandel of nie. (Eksodus 16:4 AFR1953)

En nadat die doulaag opgetrek het, het daar oor die woestyn iets gelê wat fyn en korrelrig was, fyn soos ryp op die grond. (Eksodus 16:14 AFR1953)

.. en Hy het manna op hulle laat reën om te eet en koring van die hemel aan hulle gegee. (Psalms 78:24 AFR1953)

Die Here gaan hulle voed met verborge manna. Dis simbolies van die hemelse voedsel waarmee die Here ons voed – die ewige lewe en alles wat daarmee saamgaan.

Die betekenis is dit:

- Die Here laat nie toe dat spanning en lyding (in watter vorm ook al) ons uitput totdat ons vernietig is nie!
- Hy gee ons altyd die krag om enige vorm van lyding tot sy eer te kan hanteer.
- Uiteindelik gee Hy totale verligting van alle pyn en stryd as Hy ons in die ewige lewe opneem (hemelse manna).

Die feit dat die Here die manna **verborge** noem, beteken dat die Here dit onderskei van die aardse manna wat die Jode destyds geëet het.

- Die Here praat nie van stofflike/aardse kos nie.
- Hy praat van die volmaatheid wat Hy gee na hierdie lewe.

en Ek sal hom gee 'n wit keursteen

Die soort van klippe/steen waarvan die Here hier praat, moet iets wees soos die twee stene wat Aäron in die sakkie teen sy bors gedra het

Jy moet ook die borstas van beslissing maak van kunstige werk; soos die werk van die skouerkleed moet jy dit maak; van goud, pers en purperrooi en bloedrooi stowwe en van fyn dubbeldraad-linne moet jy dit maak. Vierkantig moet dit wees en dubbel gevou; 'n span sy lengte en 'n span sy breedte. En voorsien dit van 'n steeninvulling van vier rye stene: 'n ry met 'n karneool, 'n topaas en 'n smarag moet die eerste ry wees. En die tweede ry: 'n karbonkel, 'n saffier en 'n jaspis. En die derde ry: 'n hiasint, 'n agaathiasint en 'n ametis. En die vierde ry: 'n chrisoliet en 'n oniks en 'n sardoniks. Hulle moet in goud vasgesit wees by hulle invulling. En die stene moet volgens die name van die kinders van Israel twaalf wees, volgens hulle name. Soos op 'n seëlsteen uitgesny word, so moet hulle vir twaalf stamme wees, elkeen volgens sy naam. (Eksodus 28:15-21 AFR1953)

Die kleur wit is die simbool van onskuld en van reinheid en van heerlikheid. Vergelyk byvoorbeeld die volgende Bybelgedeeltes:

Maar jy het enkele persone ook in Sardis wat hulle klere nie besoedel het nie, en hulle sal saam met My in wit klere wandel, omdat hulle dit waardig is.

(Openbaring 3:4 AFR1953)

En ek het gesien, en kyk, daar was 'n wit perd. En hy wat daarop sit, het 'n boog; en aan hom is 'n kroon gegee, en hy het uitgegaan as 'n oorwinnaar en om te oorwin. (Openbaring 6:2 AFR1953)

Die simboliese betekenis van 'n klip of 'n gesteente is onverganklikheid. Vergelyk die volgende Bybelgedeeltes:

Die steen wat die bouers verwerp het, het 'n hoeksteen geword.

(Psalms 118:22 AFR1953)

En hy wat op hierdie steen val, sal verpletter word; maar elkeen op wie hy val, dié sal hy vermorsel. (Matteus 21:44 AFR1953)

Maar Hy het hulle aangekyk en gesê: Wat beteken dan hierdie Skrifwoord: die steen wat die bouers verwerp het, dit het 'n hoeksteen geword?

(Lukas 20:17 AFR1953)

Die wit klip met die nuwe naam simboliseer ons nuutheid en ons heilige nuwe bestaan tot in ewigheid.

op dié steen 'n nuwe naam geskrywe wat niemand ken nie, behalwe hy wat dit ontvang

Die nuwe naam wys daarop dat daar geen replika van ons gaan wees nie.

- Daar gaan nie nog iemand wees met dieselfde naam nie!
- Elkeen gaan enig wees.

Daar is tog iets van die naam op die steen wat ooreenstem met dit wat die Here in 1 Korintiërs 2:11 sê:

Want wie van die mense weet wat in 'n mens is, behalwe die gees van die mens wat in hom is? So weet ook niemand wat in God is nie, behalwe die Gees van God. (1 Korintiërs 2:11 AFR1953)

Die brief aan die gemeente te Tiatire: Openbaring 2:18-29

Inleiding

Tiatire het suidoos van Pergamus gelê.

- Tiatire was oorspronklik 'n Lidiese nedersetting gewees.
- Onder Seleucus is dit herbou.
- Die stad is toe 'n woongebied gemaak vir die oudsoldate van Alexander die Grote en hulle kinders.
- Dit was dus 'n mengelmoesbevolking, want die soldate het soos wat hulle geswerf het (tot in Indië!) vroue getrou en kinders gekry.
- Die gemengde soldatespul het toe in Tiatire tuisgekom.

Daar was 'n baie lewendige verkeer tussen Tiatire en Filippi.

- Filippi was ook 'n soldate-aftreestad.
- Dit verklaar waarom Lidia wat in Tiatire gebly het, in Filippi tot bekering gekom het!

En 'n vrou met die naam van Lídia, 'n purperverkoopster van die stad Thiatíre, 'n godsdienstige vrou, het geluister; die Here het haar hart geopen om ag te gee op wat deur Paulus gesê is. (Handelinge 16:14 AFR1953)

Toe die Romeine die stad oorgeneem het, het Tiatire 'n stad geword wat heelwat nywerhede gehad het en lewendig handel gedryf het.

Omdat afgodsdienste en al die heidense feeste ook in Tiatire baie sterk onderhou is, het dit groot spanning op die Christene geplaas.

- Hulle moes kies of hulle deel van die dorpie en die gemeenskap daar wou wees en voorspoed geniet,
- en of hulle hul werk en inkomste wou verloor as hulle wegbly van al die goddeloosheid af.

Dit verklaar waarom sommige lidmate van die gemeente daar die verkeerde keuse gemaak het, naamlik dat hulle allerhande teorieë uitgewerk het waarom hulle mag sonde doen.

Vers 18

En skryf aan die engel van die gemeente in Thiatíre: Dít sê die Seun van God wat oë het soos 'n vuurvlam, en sy voete is soos blink koper: (Openbaring 2:18 AFR1953)

Skrywe aan die leraar van die gemeente in Tiatira: So sê die Seun van God, wie se oë soos vuur vlam en wie se voete soos geelkoper is: (Openbaring 2:18 AFR83)

Soos die vorige briewe, praat die Here direk met die plaaslike dominee en deur hom met die gemeente.

Daarna stel die Here Homself bekend. Dié keer noem Hy Homself **die Seun van God wat oë het soos 'n vuurvlam . . .**

Dié bekendstelling haak waarskynlik aan by Hoofstuk 1:14.

Sy hoof en hare was wit soos wit wol, soos sneeu, en sy oë soos 'n vuurvlam, (Openbaring 1:14 AFR1953)

Die benoeming **Seun van God** is om die hoogheid en mag van die Here Jesus weer te gee.

- Onthou, die grootste gros inwoners (en lidmate?) is soldate.
- Op hulle moet jy “rang trek” as jy hulle wil bereik.
- Hulle buig net voor 'n meerdere met 'n hoër rang!

wat oë het soos 'n vuurvlam

Hierdie uitdrukking is om te onderstreep dat die Here Jesus alles sien.

- Sy oë lig tot in die donkerste hoekies
- (veral soldate kon dink dat hulle dalk agteraf dinge kon doen waarvan die bevelvoerder nie weet nie).

Die Here Jesus kyk tot in die dinge (sondes) in wat vir 'n mens verborge is.

Niks kan vir die oë van die Here Jesus verberg word nie.

en sy voete soos blink koper wat gloei soos in 'n oond, en sy stem soos die stem van baie waters. (Openbaring 1:15 AFR1953)

Die Here sien nie net elke ding wat gebeur nie.

- Hy straf ook elke daad wat teen sy heiligheid ingaan – daarvan getuig sy voete wat soos gloeiende koper is in 'n oond.
- Koper gloei net in die oond wanneer die smelters besig is om dit te suiwer.

Hierdie beeld simboliseer dus die verterende oordeel van die Here.

- Die oordeel roei net sondaars uit wat onbekeerlik is.
- By die gemeente van Tiatire was daar juis soveel binne-sondes wat die gemeente verniel het en wat uitgeroei moes word.

Ons kry tog ook iets van die hoofinhoud van Psalm 2 in hierdie bekendstelling terug.

Ek tog het my Koning gesalf oor Sion, my heilige berg. Ek wil vertel van die besluit: Die HERE het aan My gesê: U is my Seun, vandag het Ek self U gegeneer. Eis van My, en Ek wil nasies gee as u erfdeel en die eindes van die aarde as u besitting. U sal hulle verpletter met 'n ysterstaf, U sal hulle stukkend slaan soos 'n erdepot. (Psalms 2:6-9 AFR1953)

Vers 19

Ek ken jou werke en liefde en diens en geloof en jou lydsaamheid en jou werke, en dat die laaste meer is as die eerste. (Openbaring 2:19 AFR1953)

Die Here noem eers dit waarvoor Hy waardering het.

- Daar was by hulle 'n diepgewortelde liefde vir die Here.
- Hulle het ook in die Here geglo.
- Hulle het baie dinge gedoen tot eer van die Here.
- Hulle was ook diensbaar waar daar nood was.
- Hulle het ook in al die moeite en slegte dinge wat oor hulle gekom het ter wille van die Here se eer gely.

- Hulle het in al die dinge wat hulle prakties vir die Here gedoen het vooruitgang getoon – daarom sê die Here dat Hy sien dat hulle laaste werke beter is as die eerstes.

Vers 20

Maar Ek het enkele dinge teen jou; dat jy die vrou Isébel, wat haarself 'n profetes noem, toelaat om te leer en my diensknegte te verlei om te hoereer en afgodsoffers te eet. (Openbaring 2:20 AFR1953)

Nadat die lysie van deugde afgehandel is, kom die Here by die droewighede wat die gemeente van binnekant af uithol.

- Die bedoeling is natuurlik dat die gemeente moet sien hoe swaar weeg die verkeerde dinge.
- Hulle moet by die antwoord uitkom dat al hulle deugde hulle nie ver gaan bring voordat hulle nie eers die swart kolle uitgevee het nie!

Wat is die probleem?

Die probleem is dat die dominee en die gemeente toelaat dat daar in die gemeente allerhande goddeloosheid aangaan wat met allerhande ingewikkelde nuanses ingevoer is!

Dit word duidelik uit die Here se woorde dat daar in die gemeente lelike dinge (goddeloosheid) gedoen is.

- Prakties het dit gebeur omdat daar 'n persoon in die gemeente was wat gruwelike praktyke en leerstellings in die kerk ingevoer het.
- Die hoofsaak (*bottom line!*) is egter dat hierdie dinge die Here Jesus Christus en sy evangelie geloën het.
- Dit was 'n leer wat onder die vaandel van die kerk drie verkeerde dinge ingevoer het:
 - Dit het die sondige liggaamlike welluste staanplek gegee om beoefen te word.
 - Dit het geleer dat die kerk die vriend van die wêreld moet wees.
 - Dit het geweier om die smaad en die las/lyding wat die lewe op jou lê as jy die Here Jesus aanbid en dien, te dra.

. . . dat jy die vrou Isébel . . .

NB Dit was 'n werklike vrouelidmaat van die gemeente van Tiatire na wie hier verwys word!

- Daar is 'n lesing wat sê: . . . dat jy *jou* vrou Isébel . . . (die lesing is nie onmoontlik nie). As die lesing korrek is, beteken dit dat Isébel die dominee se vrou was!
- Maar of Isébel die dominee se vrou was of nie, gaan niks aan die saak verander nie – al die beginsels wat oortree is, bly dieselfde!

Isébel was nie die regte naam van die vrou wat in die gemeente van Tiatire gewoek het nie. Dis 'n naam wat die Here haar gee.

- Die naam beskryf haar soort – die soort vrou wat sy is en wat sy doen.
- Haar wese en doen en late is dieselfde as dié van Agab se vrou, Isébel.

Sy trek die volk van die Here van Hom af weg. Die proses wat sy gebruik is om hulle te verlei met 'n skandelige lewe – totdat hulle in afgodsdien verval.

Ons lees van die eerste Isébel in die volgende Bybelgedeeltes:

Waarlik, daar was niemand soos Agab wat homself verkoop het om te doen wat verkeerd is in die oë van die HERE nie, omdat sy vrou Isébel hom verlei het.
(1 Konings 21:25 AFR1953)

En Agab, die seun van Omri, het gedoen wat kwaad is in die oë van die HERE, meer as al sy voorgangers. En dit was nog die minste dat hy in die sondes van Jeróbeam, die seun van Nebat, gewandel het: hy het Isébel, die dogter van Et-Baäl, die koning van die Sidoniërs, as vrou geneem, en Baäl gaan dien en voor hom neergebuig, en vir Baäl 'n altaar opgerig in die huis van Baäl wat hy in Samaría gebou het. Ook het Agab die heilige boomstam gemaak, en Agab het nog meer gedoen om die HERE, die God van Israel, te terg as al die konings van Israel, sy voorgangers.” (1 Konings 16:30-33 AFR1953)

En net toe Joram Jehu sien, sê hy: Is dit vrede, Jehu? Maar hy antwoord: Wat? Vrede, solank as die hoererye van jou moeder Isébel en haar towerye so baie is? (2 Konings 9:22 AFR1953)

Is dit nie aan my heer meegedeel wat ek gedoen het toe Isébel die profete van die HERE gedood het nie: dat ek van die profete van die HERE honderd man, vyftig by vyftig, in 'n spelonk weggesteek en hulle met brood en water onderhou het?”

(1 Konings 18:13 AFR1953)

So 'n soort vrou was aan die woel in die gemeente van Tiatire.

. . . dat jy die vrou Isébel, wat haarself 'n profetes noem, toelaat om te leer en my diensknegte te verlei om te hoereer en afgodsoffers te eet.

Kyk nou net wat het in Tiatire skeefgeloop!

- Die probleem wat in Tiatire ontstaan het, was dat die vrou daar begin preek het!
- Die ding vererger omdat die dominee en die gemeente haar toegelaat het om te preek!
- Die vrou het dwaalleer gepleeg – onder die vaandel dat sy 'n profetes (van die Here!) is.
 8. Sy het natuurlik 'n klomp van die gemeentelide oortuig om haar te glo en te volg!
 9. Haar standpunt was dat die kerk moet toegee aan die druk van die wêreld!
 10. Die gemeente kan maar hulle samewerking gee met die heidense offerfeeste.
 11. Die gevolge is nie net teoreties nie. Die gevolge was prakties: die lidmate wat deelgeneem het aan die offerfeeste het dus ook saam gehoereer!
 12. Die vrou het haarself hieraan skuldig gemaak, sê die Here.

Die boek Judas het dit ook teen sogenaamde gelowiges wat nie geestelike insig het nie – omdat hulle nie na die Heilige Gees en sy inwerking in hulle luister nie. Hulle is net toegespits op dinge waarvan mense hou!

Maar hierdie mense belaster alles wat hulle nie ken nie; en alles wat hulle, soos die redelose diere, op natuurlike wyse verstaan, daardeur gaan hulle te gronde. (Judas 1:10 AFR1953)

In Tiatire het die dominee en die gemeente maar net weggekyk as hierdie vrou met haar dwaalleer en onsedelikheid in die gemeente tekere gegaan het.

NB

- *Die Bybel maak dit duidelik dat die dominee en baie van die gemeentelide nie deelgeneem het aan die Isébel se woelinge nie –*
- *maar hulle het ook nie daarteen opgetree nie.*
- *Daarom is hulle skuldig teenoor die Here!*

Die fout is dus dat die kerk van Tiatire mense wat geloof en sonde doen het, uitgelos en nie getug het nie.

. . . my diensknegte te verlei . . .

- Die diensknegte waarvan die Here hier praat, is nie ouderlinge en diakens nie.
- Dit is lidmate.
- Gelowiges.

- Dit is mense wat aan die Here behoort.

Sulke mense kom in die noute en raak op 'n verkeerde spoor as die gemeente nie daadwerklik met die tug optree en verharde sondaars en dwaalleraars met die tug uit die gemeente verwyder nie.

Vers 21

En Ek het haar tyd gegee om haar van haar hoerery te bekeer, en sy het haar nie bekeer nie.

(Openbaring 2:21 AFR1953)

Die vrou self was ook deur die Here gewaarsku. Hoe die Here haar gewaarsku het, weet ons nie, want die Here openbaar dit nie.

- Wat wel belangrik is, is dat die Here ook vir haar 'n bekeringstyd gee.
- Hy het dus (selfs) ook met haar genade en geduld.
- Die Here het haar nie summier met sy oordeel vernietig nie!

Die hartseer was dat sy nie tot bekering wou kom nie – en dus ook nie tot bekering gekom het nie!

- Haar sondes was dus nie maar net 'n swakheid wat haar oorval het toe daar 'n geleentheid opgeduik het nie.
- Sy was hardnekkig en haar wil en ingesteldheid was verkeerd.
- Daarom het sy bly volhard ondanks die Here se waarskuwing.

*Die manier waarop die Here **hoerery** noem, dui daarop dat dit die wortel van haar sonde was. Haar hele lewe en haar hele geloof het sy daarrondom beplan.*

Vers 22

Kyk, Ek werp haar neer op 'n siekbed, en die wat met haar owerspel bedryf, in 'n groot verdrukking, as hulle hul nie van hul werke bekeer nie.

(Openbaring 2:22 AFR1953)

Die vers begin met **Kyk!**

- Die Here vestig die kerk van Titire se aandag daarop dat sy genade met die vrou gedaan is.
- Die vrou was dus blykbaar reeds bedlêend toe die brief daar in Tiatire opgedaag het.
- Die gemeente was dus pynlik bewus van die werklikheid van die Here se straf.

Die plek van die vrou se skandedade (haar bed) word nou die plek van haar lyding en straf – en uiteindelik die dood! (vergelyk prof. S. Greijdanus).

Die Here vestig dus die aandag daarop dat die Here se oordeel iets besonders en skrikwekkends is!

- Die aard van sy straf is ontsettend.
- Die ontsettendheid lê nie net in die aard van die straf (die siekte op die siekbed) nie.
- Die skok lê ook daarin dat dit juis van die kant af kom waarvandaan sy en haar volgelinge dit nie verwag het nie!
- *Dit wat sy geprofeteer het dat hulle dit moet doen – dit het hulle neergevel!*

Vraag

Was dit (iets soos) vigs?

Haar straf is ook erger as dié van haar volgelinge –

- met rede, want sy is die verleidster wat haar as 'n profetes van die Here uitgegee het.
- Sy het juis hierdie hoerery in die Naam van die Here verkondig en aangeblaas.

Daarna praat die Here haar volgelinge aan:

. . . en die wat met haar owerspel bedryf, in 'n groot verdrukking . . .

Isébel se volgelinge word ook gestraf.

- Hulle word aan pynlike smarte en lyding onderwerp.
- Dit sal iets wees soos angs en benoudheid (vgl. kommentare).

Wat hier ook belangrik is om raak te sien, is dat hulle straf voorwaardelik is:

as hulle hul nie van hul werke bekeer nie

Hulle kan nog die volle oordeel vryspring as hulle tot bekering kom. Die voorwaarde is bekering. Dit beteken:

- Hulle moet breek met Isébel (dit sal seker maklik gedoen kon word omdat sy reeds siek was!)
- Hulle moes ook breek met haar werke!
- Hulle moes hulle hele lewenstyl (lewenswyse) opgee en verander.
- Hulle moes ten volle lewe soos wat die Here vereis. Hulle moes glo in die Here Jesus as die enigste Verlosser.
- Hulle moes die evangelie in volle waarheid preek en uitleef.

Vers 23

En haar kinders sal Ek sekerlik doodmaak, en al die gemeentes sal weet dat dit Ek is wat niere en harte deursoek, en Ek sal aan elkeen van julle gee volgens sy werke. (Openbaring 2:23 AFR1953)

En haar kinders sal Ek sekerlik doodmaak,

Hierdie woorde bied verskillende betekenismoontlikhede:

- Dit kan verwys na die sondaars van wie in vers 22 sprake is – maar dit is onwaarskynlik – want die Here verwys nie na mense wat met 'n vrou hoereer as haar kinders nie! Ons het nie so 'n voorbeeld in die Griekse taalkunde nie.
- Die enigste ander moontlikheid wat oorbly, is die vrou se eie kinders. (Die Skrifverklaarders kies ook hierdie moontlikheid.)

Die vrou wat die verkeerde leer en lewe loop en verkondig in die gemeente, gaan nie alleen deur die Here getref word nie.

- Die Here gaan haar kinders ook doodmaak.
- Die manier waarop dit geskryf staan, wys dat dit gebeur op 'n manier wat die mense (veral die gemeente!) ruk en diep skok.
12. Die uitdrukking sê juis nie dat hulle gaan *sterf* nie.
13. Dit gaan *meer wees as sterf*.
14. *Die Here gaan hulle doodmaak!*

Dit wys op 'n baie aangrypende manier waarom hierdie kinders gaan omkom.

Die beginsel is dus dat die ma ook geoordeel word in haar kinders! Daarvan het ons 'n voorbeeld in die Ou Testament. Jerobeam het sy vrou na die profeet Ahia toe gestuur om te hoor of hulle siek kind gaan lewe. Die Here het toe aangekondig dat alle manlike lede van Jerobeam se familie sal sterf.

Die manlike lede van die familie van Jeróbeam wat in die stad sterwe, sal deur die honde opgeëet word. Die wat in die veld sterwe, sal deur die voëls van die hemel opgeëet word, het die HERE gesê.

Sodra Jerobeam se vrou se voete die stad inkom as sy teruggaan, sal die kind sterwe. Maar daardie kind is waarskynlik deur die Here gered – al moes hy doodgaan.

(1 Konings 14:1-13)

Maak jou dan klaar, gaan na jou huis; as jou voete die stad inkom, sal die kind sterwe. En die hele Israel sal hom beklag en hom begrawe, want hy alleen van Jeróbeam sal in 'n graf kom, omdat in hom iets goeds voor die HERE, die God van Israel, te vinde was in die huis van Jeróbeam. (1 Konings 14: 12, 13 AFR1953)

... en al die gemeentes sal weet ...

- Al die gemeentes sal weet van die dood van die kinders
- Hulle sal ook weet wat die rede vir hulle dood is!

Hierdie kinders se dood gaan dus wyd en syd opspraak verwek!

... sal weet dat dit Ek is wat niere en harte deursoek, en Ek sal aan elkeen van julle gee volgens sy werke.

- Die oordeel van die Here gaan wyd bekend wees.
- Dit gaan ook aangrypend wees

Die gemeentes gaan dan vanself besef dat die vrou en haar aanhangers – wat as goeie gelowiges beskou is – glad nie goed was voor die Here nie!

- Hulle sal meteens self weet van die lelike dinge wat gebeur het en dat dit vir die Here baie gruwelik is as sulke dinge gebeur.
- Alles gaan vanself dan in die oopte kom – en almal sal verstaan wat die werklike waarde van die vrou se leerstellings was!
- Hulle sal besef dat as iets nie die goedkeuring van die Here wegdra nie en iemand hou aan daarmee, dat die Here dan gaan straf!
- Dit sal hulle diep laat dink en selfondersoek doen, want meteens sal hulle as gevolg van die straf van die Here die nodige kennis hê om dinge te beoordeel!

Die gemeentes gaan almal besef dat die Here elke mens se lewe indringend (hart en niere) deursoek.

- Die Here kyk nie net na die oppervlak van dinge nie.
- Hy weet ook van al die weggesteekte dinge wat in die geheim beoefen word.
- Die Here het juis in hierdie brief laat skryf:

Dít sê die Seun van God wat oë het soos 'n vuurvlam,

Daar is meer verwysings in die Bybel dat die Here 'n mens deeglik (sy hart en niere) deursoek. Dink maar aan die volgende Skrifgedeeltes:

Maar, o HERE van die leërskaer, regverdige Regter, wat niere en hart toets, laat my u wraak op hulle sien, want aan U het ek my regsak toevertrou.

(Jeremia 11:20 AFR1953)

(7:10) **Laat tog die boosheid van die goddelose mense 'n einde neem, maar bevestig U die regverdige, ja, U wat harte en niere toets, o regverdige God!** (Psalms 7:9 AFR1953)

Hulle gaan ook weet dat die Here elke stukkie goddeloosheid gaan straf. Die Here se reg is 'n regverdige reg. Dit is ook gekoppel aan sy heiligheid. Dink hierby aan die volgende uitsprake in die Bybel:

(62:13) en aan U, o Here, behoort die goedertierenheid; want U vergeld elkeen na sy werk.

(Psalms 62:12 AFR1953)

Veelmeer vergeld Hy die mens na sy werk, en volgens 'n man se wandel laat Hy hom ondervind. (Job 34:11 AFR1953)

Want die Seun van die mens staan gereed om met sy engele in die heerlijkheid van sy Vader te kom, en dan sal Hy elkeen vergeld volgens sy dade.
(Matteus 16:27 AFR1953)

Vers 24

En ek sê vir julle en die ander wat in Thiatire is, almal wat hierdie leer nie het nie, en die wat die dieptes van die Satan, soos hulle dit noem, nie leer ken het nie: Ek sal op julle geen ander las lê nie. (Openbaring 2:24 AFR1953)

In hierdie vers praat die Here met die lidmate wat getrou gebly het aan die waarheid en wat nie in allerhande onkuisheid verval het nie. Die verskil tussen die getroue gelowiges aan die een kant en Isebel en haar trawante aan die ander kant word baie skerp getrek.

- Die getroues is **almal wat hierdie leer nie het nie.**
- Dit kom nie voor in hulle *leer* nie en ook nie in hulle *werke* nie.
- Hulle is dus heeltemal vry van hierdie vrou se leer en lewe – hulle het totaal daarvan af weggebly!

die wat die dieptes van die Satan, soos hulle dit noem

Die gemeentede wat Isebel nagevolg het, het 'n spreekwoord gehad dat hulle die dieptes van die Satan leer ken het!

Die argument van daardie mense het so geloop:

- Hulle sou die mag van die Satan kon breek en hom oorwin as hulle indring tot in sy (die satan se!) diepste dieptes.
- *Hulle moes hulleself dus aan al hierdie onhebbelikhede oorgegee het om dit dan sogenaamd te kan oorkom – sodat hulle kan oorvertel dat hulle niks van die duiwel te vrese het nie. Hulle was dan nou self tot in die diepste van sy onsedelikhede in en hulle het self daaruit teruggekome!*

Ek sal op julle geen ander las lê nie

Hierdie woorde gaan terug na vers 20 toe – die woorde: **hoereer en afgodsoffers te eet**

- Die etery van afgodsoffers en alles wat daarmee saamgehang het, gaan terug na die besluite wat die heidenkerke en die apostels saam met Jerusalem se kerkraad geneem het!
- Dit was die eerste Christelike kerklike meerdere vergadering wat bymekaar was.

Wat is daar besluit wat so ernstig was dat dit tot in die boek Openbaring weerklink? Die besluit is:

... dat julle jul onthou van afgodsoffers en van bloed en van wat verwurg is en van hoerery. As julle jul hiervan onthou, sal julle goed doen. Vaarwel!"

(Handelinge 15:29 AFR1953)

Hierdie “*moderne*” kerk in Tiatire het dus met hulle hoerery en satanisme 'n ou besluit wat die kerke gesamentlik geneem het, verontagsaam en ongeldig verklaar.

Dit mag nie! Vir die Here is daardie besluit nog geldig!

Die Here se woorde dat Hy geen verdere las op die lidmate van Tiatire sal lê nie, beteken dus dat Hy steeds by daardie besluit van Handelinge 15:29 bly!

Vers 25

Hou maar net vas wat julle het, totdat Ek kom. (Openbaring 2:25 AFR1953)

Hierdie woorde is versterkend en vertroostend:

- Hulle het klaar die volle leer van die Evangelie.
- Die Here las niks by daardie leer nie.
- Hulle moet dit net vashou.

In die suiwer handhawing van die Evangelie lê ons verlossing. Dit stel klaar al die eise wat leer hoe ons heilig moet lewe.

Daaraan moet ons met alles vashou. Dink hier aan die volgende Skrifuitsprake:

En Jesus antwoord hom: Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. (Matteus 22:37 AFR1953)

Vandag beveel die HERE jou God jou om hierdie insettinge en verordeninge na te kom; onderhou dan en doen dit met jou hele hart en met jou hele siel. (Deuteronomium 26:16 AFR1953)

Vers 26

En aan hom wat oorwin en my werke tot die einde toe bewaar, sal Ek mag oor die nasies gee, (Openbaring 2:26 AFR1953)

Anders as in die vorige briewe is daar in hierdie brief eerste die Here se belofte wat openbaar wat die Here alles sal doen met iemand wat oorwin.

Let op dat die Here praat van **my werke** (= God se werke)!

- Tot nou toe het dit gegaan oor Isebel se werke en haar navolgers se werke.
- Hier is 'n baie skerp kontras tussen werke – Isebel en Kie se werke (enersyds) en God se werke (andersyds)!

Waarskynlik bedoel die Here sy eie werke terwyl Hy op die aarde was – ons moet **dít** navolg. Dink hier aan die uitspraak in 1 Johannes 2:6

Hy wat sê dat hy in Hom bly, behoort self ook so te wandel soos Hy gewandel het. (1 Johannes 2:6 AFR1953)

Die Here bedoel dat elke ware gelowige dinge soos ware geloof, om heilig te wees en om opreg lief te hê, moet hê en doen.

Dié dinge moet **tot die einde toe bewaar** word.

- Met ander woorde, onder geen omstandighede mag ons ons beginsels prysgee nie.
- Ons moet nooit van die geloof af wegraak of ons aan goddeloosheid oor te gee nie.

Vergelyk die volgende uitspraak in die Bybel met die voorafgaande:

En jy, mensekind, sê aan die kinders van jou volk: Die geregtigheid van die regverdige sal hom nie red op die dag van sy oortreding nie; en aangaande die goddeloosheid van die goddelose, hy sal daardeur nie struikel op die dag as hy hom van sy goddeloosheid bekeer nie; en die regverdige sal deur sy geregtigheid nie kan lewe op die dag as hy sondig nie. As Ek aan die regverdige sê dat hy sekerlik sal lewe, en hy vertrou op sy geregtigheid en doen onreg, dan sal aan al sy geregtighede nie gedink word nie, maar deur sy onreg wat hy doen, daardeur sal hy sterwe. (Esegiël 33:12-13 AFR1953) Vergelyk ook Esegiël 18:24 AFR1953

Die Here openbaar dat Hy aan die oorwinnaars mag oor die heidene gaan gee.
Dit beteken nie dat elke gelowige wat in die hemel is, 'n groepie heidene gaan kry oor wie hy gaan regeer nie!

- Dit beteken dat die oorwinnaars by die Here regeermag gaan kry – wat die heidene nie gaan hê nie!
- Logies!
 9. Die heidene gaan in die hel wees – daar het hulle geen regeermag (koningsbeeld van die Here) nie.
 10. Maar die gelowiges (verlostes/uitverkorenes) wat op die Nuwe Aarde gaan wees, se beeld van die Here in hulle sal volmaak herstel wees.
 11. Hulle sal dus konings en profete en priesters van die Allerhoogste wees.

Vers 27

en hy sal hulle regeer met 'n ysterstaf; soos erdegoed word hulle verbrysel, net soos Ek ook van my Vader ontvang het. (Openbaring 2:27 AFR1953)

Die oorwinnaar sal met 'n ysterstaf regeer.

- Sy koningskap is dus sterk, ferm en onbreekbaar soos yster.
- Die oorwinnaar sal in staat wees om sy heerserskap af te dwing!

Ystersepter staan hier teenoor goue septer.

- Die koning (die simbool van die Here) het 'n goue septer.
En die koning het die goue septer na Ester uitgesteek, en Ester het haar opgerig en voor die koning gaan staan (Ester 8:4 AFR1953)
- Die oorwinnaar word dus nie God nie. Hy bly skepsel – daarom het hy 'n ystersepter.

Die mag wat die oorwinnaar het, is nogtans so groot dat hy sy vyande sal verslaan soos wat iemand 'n kleipot stukkend slaan.

Wat bedoel die Here met die volgende?:

Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om saam met My te sit op my troon, soos Ek ook oorwin het en saam met my Vader op sy troon gaan sit het.
(Openbaring 3:21 AFR1953)

Ons deel dus in die oorwinning en koningskap van die Here Jesus Christus. *Hy laat ons daarin deel!*

Vers 28

En Ek sal hom die môrester gee. (Openbaring 2:28 AFR1953)

Die mense wat oorwin ontvang die Môrester – dis die Here Jesus Christus self! Vergelyk hiervoor die volgende openbaring in die Bybel:

Ek, Jesus, het my engel gestuur om hierdie dinge aan julle voor die gemeentes te betuig. Ek is die wortel en die geslag van Dawid, die blink môrester.
(Openbaring 22:16 AFR1953)

Hier verklaar die Bybel homself: Die Here Jesus is die blink Môrester!

Deur Skrif met Skrif te vergelyk, word die beeld nog duideliker:

En ons het die profetiese woord wat baie vas is, waarop julle tog moet ag gee soos op 'n lamp wat in 'n donker plek skyn, totdat die dag aanbreek en die môrester opgaan in julle harte; (2 Petrus 1:19 AFR1953)

- Die beeld van die Môrester wys daarop dat die nag met sy donker – en die bangheid/vrees wat baie keer in die donker lê, vir die getroue gelowiges verbygegaan het.
- Hy kondig die ewige dag aan – soos wat die môrester die koms van die dag aankondig.
- Dit het in Hom vir altyd verbygegaan.
- Die ewige dag in God se koninkryk is vir ewig en vas – Hy, die Môrester, wat God self is, kondig hierdie genade oor ons aan!

Vers 29

Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê.
(Openbaring 2:29 AFR1953)

Luister na die stem van God die Heilige Gees! God die Heilige Gees praat met die kerke! *Hierdie uitspraak is nie net 'n wens wat uitgespreek word nie. Dis 'n opdrag en 'n plig aan elke kerk!*

- Oorwinning oor sonde gaan saam met luister en onderwerping aan die Heilige Gees.
- Hy is tot hulp vir die kerk (en elke gelowige).
- Elke kerk moet daarom luister dat die Gees haar leer
 - om God met die verstand te ken –
 - maar ook dat die Gees haar leer om die warmte van God se nabyheid te beleef.
- Glo met hart en verstand – glo in God met jou hele lewe.

Vergelyk hiervoor weer vers 7.